Publication: RAPPORT JOHANNESBURG LATE FINAL - WEEKLIKS
Page: 12
Title: Die doepa van lank, lank gelede'
Publish Date: 25 February 2018
AVE: 238674
Author: Johan van Zyl

# Die doepa van ‘lank, lank gelede’

Net soos die Karoobossies wat sy die afgelope 17 jaar bestudeer, het ook stories, raaisels en rympies medisinale waarde, vertel die Karoo-kruietrooster Antoinette Pienaar en haar leermeester, oom Johannes Willemse, aan **Johan van Zyl.**



Die volksgeneser oom Johannes Willemse en sy vakleerling, die Afrikaanse skrywer en aktrise Antoinette Pienaar, afgeneem in die leefvertrek van Antoinette se klein wit huisie op Theefontein in die Karoo. | FOTO'S: PETER VAN NOORD

‘Op ’n bult, iewers in hierdie eindelose land van ruimte,” begin Antoinette Pienaar haar nuwe boek, *Die lang man sonder skaduwee*, “lê ’n klein wit huisie in die arms van twee oeroue bruin berge: die Man-berg en die Vrou-berg.”

Om by dié beskeie sinkdaktoevlug op die plaas Theefontein uit te kom, moet jy uit Beaufort-Wes die teerpad Aberdeen toe vat en dan afdraai op “die lang man sonder skaduwee” – die oumense se woord vir ’n grondpad. Regs, links, deur twee motorhekke en dan regs op ’n klipperige tweespoorpaadjie, maar toemaar, julle sal nie verlore raak nie, belowe Antoinette, want die kar se stoflint, wat myle ver bo die pad bly hang, sal van ver af al jul koms aan die werfbewoners openbaar.

Maar die dag voor die afspraak jubileer Antoinette ’n ander deuntjie oor die foon: “Mens! Daar stuur die Bloudak se Baas toe mos eergister 20 mm reën!” Gevolglik gaan sy en oom Johannes en die Groot Wit Haai veiligheidshalwe die besoekers inwag by “die pompie” so 2 km voor die plaaswerf. (Die Groot Wit Haai, blyk dit later, is hul kookwater “nuwe” wit Isuzu-dubbelkajuit wat verlede jaar oorgeneem het by Dapper, die rooi Colt-bakkie waarmee Antoinette destyds op Theefontein aangekom het en wat nou as hul houtlorrie diens doen.)

Nog voor die Groot Wit Haai buite die klein wit huisie tot stilstand knars, het Antoinette jou klaar voorberei op die ergste: Sy kan letterlik ’n donkie se been afpraat, ’n stelling wat oom Johannes gie-gie-gie beaam wyl hy later die een lastige vlieg ná die ander afransel. Hierdie gedurige gedagtewisselings is ook allermins beperk tot donkies of RSG-luisteraars, want “die lang vrou met die groot bruin oë” praat met “almal en alles wat ’n bewussyn het”. Boaan dié lys is haar en oom Johannes se tien superslim groot windhonde (iedereen gedoop met die van Môrester), die vyf klein windhonde (ofte wel *whippets*, almal met die van Blomtuin), haar African Grey-papegaai, Tikkie Ton-Ton, en ’n klein kolonie katte, kalkoene, hoenders en veldspinnekoppe. Tog knoop die kruietrooster net so graag geselsies aan met die wolke in die lug, die Karoobossies en bome, haar bakkie.

“Ek kan sien julle is nog nie klaar gereën nie,” roep sy na die wolke. “Magtag, kyk hoe lekker drink hulle!” wys sy na ’n paar bossies wat in ’n modderpoel staan, en aan ’n ander lotjie: “Kyk hoe mooi skoon is die spulletjie se gesigte gewas.” En wanneer sy uit die Groot Wit Haai spring sonder om die handrem op te trek, vra sy: “Gaan jy gou bietjie stilstaan?” En as die bakkie inderdaad op die plek rus, sê sy: “Ag, dankie, man.”

Sewentien jaar het verloop sedert Antoinette, half sterwend aan serebrale malaria wat sy in Mali opgedoen het, met twee groot drome op Theefontein geland het: Sy wou by oom Johannes alles oor veldkruie leer én sy wou “as ’n mens wat gevoel het sy het nie ’n plek in haar trop nie” ’n trop windhonde hê “om uit te vind hoe so ’n trop werk waar elkeen sy unieke plek in die hiërargie het”.

Die eerste vyf jaar het sy omtrent elke dag gehuil en ook ophou lees en musiek luister in ’n poging om alles te vergeet wat sy “vooraf geleer en in haar ronde kop vasgesement het”.

In 2008, sewe jaar nadat sy die bossiedokter en voormalige jakkals- en rooikatjagter oom Johannes Willemse se vakleerling geword het, is haar eerste boek, *Kruidjie roer my: Die antieke helingskuns van die Karooveld*, gepubliseer. Dit is drie keer herdruk, sowat 13 500 eksemplare het van die rak gevlieg en in 2011 het die Engelse vertaling, *The Griqua’s Apprentice*, verskyn.

“Met daai eerste boek wou ek help keer dat hierdie kennis oor Karookruie verlore gaan, maar in die nuwe een wou ek die net wyer sprei en veral fokus op die medisinale waarde van stories en raaisels wat jou na misterieuse plekke en grotte van lieflikheid in jou binnelandskap wegvoer én jou in die proses genees.”

**Dan vra ek mense reguit: Wil jy vrek of wil jy lewe?**

Op bl. 24 van *Die lang man* skryf sy: “Ek verlang só na daardie tyd toe mense mekaar nog met stories kon betower, toe mense nog die groot medisinale waarde van ’n storie besef het. Deur die eeue, voor die mense hulle in skrif kon uitdruk, is die grootste gebeurtenisse as ’n storie vertel. Elke verteller het dan sy eie stertjie bygesit, dis die stukkie lout wat iedere verteller het. Jy moet jou eie gees insit in jou storie wat jy vertel. So word die verteller en die luisteraar weggevoer na ’n tyd lank, lank gelede, en in die wegvoer lê die vitamiene en minerale; die doepa en die paljas, die medisyne.”

Die titel van die meeste van *Die lang man* se 16 hoofstukke – van “Ek het ’n bok met ’n bewerige kroos” en “My pa het tien witkopkallers” tot “Wit puntjie, toe trommeltjie” en “Ek het ’n bonte bok met ’n horing op sy kop” – verwys na die byna kinderlike raaisels waarmee oom Johannes haar op hul velduitstappies om kruie te oes “telkens teruggebring het na die werklikheid op hande”.

“Oom Johannes sê altyd die Here het mos die mens met ’n ronde kop geskape waarin die gedagtes – die goei-



www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 431 4700 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.

Publication: RAPPORT JOHANNESBURG LATE FINAL - WEEKLIKS
Page: 13
Title: Die doepa van lank, lank gelede'
Publish Date: 25 February 2018
AVE: 238674
Author: Johan van Zyl



**Antoinette saam met 'n paar van haar en oom Johannes se groot en klein windhonde, wat iedereen hul naam, kamp en plek in die trophiërargie ken. In die agtergrond staan Dapper, wat nou die houtlorrie is.**

es en die slegtes - om en om spin soos in 'n spookasemmasjien… ons brein kry eenvoudig nie meer tyd om vry te wees en vry te dink nie. Party van die oom se raaisels het my maande geneem om uit te werk, maar al kry jy dit nie dadelik uitgepluis nie, is dit amper asof die getob en geraai jou diep aan die binnekant sus. Troos. In hierdie wye wydheid om ons vorm raaisels en rympies die hoekpale," sê sy.




Byna iedere dag gaan sit Antoinette dus met 'n potlood en 'n stuk papier "om die dag te probeer verteer en dit uit te skryf - vir myself én vir oom Johannes, wat nooit skool toe is nie en dus nie kan lees of skryf nie".

"Skryf maak jou 'n getuie van jou lewe. Dit gee jou daai arendsoog, jy kry afstand en sien jouself van buite af… in die proses maak jy vrede met alles en almal, maar vernaam met jouself en jou verlede. Jy vergewe jouself, jy ontwikkel meer deernis met jouself, jy verstaan jouself beter en, belangrik, hierdie proses maak jou fisiek én geestelik gesond."

In die tien jaar waarin sy aan die nuwe boek gewerk het, het sy telkens opgespring en geskrou: "Vandag is die dag dat ek hierdie donnerse boek verbrand!", maar dan het oom Johannes ingegryp: "Juffrou, ek dink Juffrou moet 'n bietjie gaan skoffel daar onder die boom en dan alles mooi saamhark."

"En wee' jy," sê Antoinette, "daar het ek geleer sulke sleurwerkies bou keerwalle teen die smart. Dan los ek die skrywery so vir 'n maand of twee, en dan kom ek agter ek word ongelukkig, ek het daai potlood en papier nódig. En dan gaat ek verder."

Elke tweede week ontvang Antoinette, die "een met die gevoelte", en oom Johannes, "die een met die gesiente" (waarna die Amerikaners as 'n "medical intuitive" verwys), pasiënte op die plaas - "meestal mense wat nie meer moed het nie en waarmee die dogters (dokters) raadop is". Kanker. Diabetes. Asma. Hoofpyne. Prostaatmoleste. Allerlei chroniese goeters.

Hiervoor gebruik hulle 'n magdom kruie wat hulle in die berg gaan pluk en ook een keer per maand landwyd versend. Kankerbossie en dasbos. Klipkruie en karmedip. En hulle steur hulle min aan die ongelowige Thomasse wat hulle as kwaksalwers afskryf.

"Ek maak al 60, 70 jaar mense gesond, en ek kan jou sê amper almal soek die kort, maklike antwoord. Maar met kruie bestaan daar nie iets soos kits nie en dit werk ook nie so vinnig soos konvensionele medisyne nie," verduidelik oom Johannes. "Ons gesels eers seker maklik 'n uur of langer en dan vra ek mense reguit: Wil jy vrek of wil jy lewe? As hulle die lewe kies, sal ek hulle ondersoek en dan vir hulle 'n bottel van die regte kruie meng. Ek sit al mý glo in daardie bottel, en as jy jóú glo bysit, het dit dubbelsterkte."

Verder, sê hy, bring jy alles oor jouself en moet jy lewe volgens die ritme van die aarde. Op Theefontein, sê Antoinette, eet hulle elke middag vleis, rys en aartappels. Soms is daar 'n bietjie wortel of pampoen vir bykos. Saans steek jy 'n kers aan en eet 'n stukkie brood. En 20:00 gaan jy lê, want 04:00 staan jy op en maak tee. Dan gaan jy uit en jy groet die diere, jy groet die Vrou-berg en jy groet die Man-berg. En dan begin jy die hondedrolle bymekaar hark, want dit is deel van jou liefdesdiens.

■ ***Die lang man sonder skaduwee: Die Karoo se grondpad na genesing* word uitgegee deur Umuzi en kos R260. Besoek Antoinette se webwerf by www.kruiekraaikoning.co.za vir meer inligting.**

## Woordfees

Antoinette en oom Johannes vertel op Woensdag 7 Maart om 17:00 in die ATKV-Boektent by die Stellenbosse Woordfees vir Dave Pepler meer oor Karookruie en die genesende krag van stories. Bespreek by Computicket. Op 9 Maart om 18:30 hou hulle 'n gratis Storievuur-byeenkoms by Die Plataan.


www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 431 4700 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.